



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUTIONELE KANTOOR[®]

Beleid oor Primêre Gesondheidsorg

Verwysingsnommer	2P/2.22
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal
Beleideienaar	Direkteur: Mensekapitaalontwikkeling
Verantwoordelike afdeling	Direktoraat: Mensekapitaalontwikkeling
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	20 Junie 2014
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2016
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE Policies/Council June 2014/2P/2.22_PHC_a
Verwante dokumentasie	Primêre Gesondheidsorg-prosedure



Beleid oor Prim  re Gesondheidsorg

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die streef na kennis en innovasie, met 'n unieke institutionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Beleid oor Prim  re Gesondheidsorg op 20 Junie 2014 aanvaar om prim  re gesondheidsorgdienste te reguleer en aan alle studente, personeel, besoekers en kontrakwerkers sonder mediese fondslidmaatskap te verskaf – soos en wanneer nodig.

2 Doelwit

Om 'n beleid en standaarde te verskaf waarvolgens Basiese Prim  re Gesondheidsorgdienste oor alle besigheidseenhede/kampusse heen bedryf sal word.

3 Institusionele Beleidsdoelstellings

- 3.1 Doeltreffende leierskap, billikheid, duidelikheid en direktiewe by alle besigheidseenhede van die NWU.
- 3.2 Fasilitering van basiese fisiese gesondheid by alle besigheidseenhede van die NWU.
- 3.3 Bydrae tot gekoördineerde, omvattende en geïntegreerde respons op PGS-behoeftes.

4 Omvang van Toepassing

Hierdie beleid geld vir personeellede, studente, besoekers en kontrakwerkers van die Universiteit wat nie lid is van 'n mediese fonds nie.

5 Definisie

Soos gedefinieer deur die Nasionale Departement van Gesondheid sluit Prim  re Gesondheidsorgdienste die volgende in:

- 5.1 Assesserings, diagnoses en behandeling van minder ernstige aandoenings volgens die Lys van Noodsaaklike Geneesmiddels (LNG).
- 5.2 Reprouktiewe gesondheid, insluitende voorbehoedmiddels en nabehoedpille, voorgeboortesorg, seksueel oorgedraagde infeksies (SOI's), bors- en servikale ondersoeke, be  indiging-van-swangerskap-verwysings, manlike en vroulike kondoomuitreiking en -verspreiding.
- 5.3 TB-sifting en/of bestuur van TB.
- 5.4 Mediese noodgevalle, insluitende profilaktiese behandeling na blootstelling.
- 5.5 Siekte-uitbrekings en immunisasieprogramme.
- 5.6 MIV-bestuur, insluitende VBT, voorkoming van moeder-na-kind-oordrag (VMNKO), met die uitsondering van antiretrovirale middels.
- 5.7 Bestuur van chroniese siektes (hypertensie, diabetes, asma, epilepsie).
- 5.8 Veldtogte vir gesondheidbevordering, -bewusmaking en -sifting – ooreenkomsdig die Nasionale Gesondheid & die NWU Gesondheids- & Welstandskalender (substansiemisbruik, TB, MIV & VIGS, SOI's, antirook, ens.).
- 5.9 Verwysings na ander gesondheids- en maatskaplike dienste soos nodig.
- 5.10 Toepaslike dienste en ondersteuning word verskaf tydens Studente-ori  ntering.
- 5.11 Toepaslike ondersteuningsdienste gedurende rampe en ander noedsituasies.

6 Leidende Beginsels

- 6.1 Die dienste wat deur die Prim  re Gesondheidsorgsentrums op elke kampus verskaf word, word bepaal deur beleide, protokolle en prosedures van die plaaslike, provinsiale en nasionale

- departemente van gesondheid, aangesien die kampusklinieke deur die Departement van Gesondheid as plekke van Primêre Gesondheidsorg geakkrediteer is.
- 6.2 Primêre gesondheidsorg aan die Noordwes-Universiteit word aan NWU-werknemers en -studente gebied deur buitepasiëntklinieke op die kampusse wat gerieflike hoëgehaltegesondheidsorg vir minder ernstige siektes aanbied, teen 'n minimum koste per besoek.
 - 6.3 Pasiënte met mediese fondse kan gehelp word vir roetinebeheer van chroniese toestande, met die uitsondering van die chroniese medikasie, en afhangende van die beskikbaarheid van gekwalifiseerde personeel.
 - 6.4 Vertroulikheid van inligting is 'n prioriteit.
 - 6.5 Professionele en etiese gedrag deur deelnemende geregistreerde professionele personele.
 - 6.6 Regverdige, billike en menswaardige behandeling van alle kliënte.
 - 6.7 'n Primêre benadering tot gesondheidsorg, met voorkoming as die hoeksteen, sal voorgestaan word.

7 Korporatiewe Bestuur, bestuursrolle en aanspreeklikhede

- 7.1 Die Raad is verantwoordelik vir die goedkeuring van die beleid en monitering van die implementering daarvan.
- 7.2 Institusionele Bestuur en die Visekanselier, as Hoof Uitvoerende Beampte, is verantwoordelik vir die koördinering, implementering en verwesenliking van hierdie beleid oor die hele instansie heen ten opsigte van die nodige prosesstelsels, procedures en hulpbronne.
- 7.3 Die Visekanselier, Rektors en Kampusbesture is verantwoordelik daarvoor om die beskikbaarheid van hulpbronne, implementering en monitering op hul onderskeie kampusse te verseker.
- 7.4 Klinieke en PGS-bestuur is verantwoordelik vir die daaglikse bedryf van die kliniekdienste en om te verseker dat dienste verskaf word volgens die norme en standarde soos uiteengesit deur die Departement van Gesondheid.
- 7.5 Die Institusionele Gesondheid & Welstand-koördineringskomitee, onder voorsitterskap van die Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal, is verantwoordelik daarvoor om 'n geïntegreerde & gekoördineerde benadering tot PGS te verseker.
- 7.6 Institusionele Korporatiewe Sake en Verhoudinge en Werknemerwelstand sal behulpsaam wees met die kommunikasie van PGS-inligting oor alle besigheidseenhede heen, terwyl Kampuskommunikasie-eenhede verantwoordelik sal wees vir kommunikasie op spesifieke kampusse.
- 7.7 Die Werknemerwelstandseenheid en -personeel is verantwoordelik vir die koördinering van bewusmakingsprojekte wat bedryf word in samewerking met PGS-sentrumbestuur regoor die besigheidseenhede en hul ondersteuningspanne op die onderskeie besigheidseenhede.
- 7.8 Werknemers, studente, kontrakwerkers en besoekers sonder mediesefondslidmaatskap is verantwoordelik vir hul eie aktiewe deelname aan die dienste wat aangebied word deur die PGS-sentrums en om gehoor te gee aan die aanbevelings van mediese personeel.

Oorspronklike gegewens: Helen Mogorosi(16109007) SHARE/NWU home/Human Capital Documentation/HC Development/Primary Health Care_a_Policy.docm
20 Junie 2014

Lêerverwysing: 2P/2.22